The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 4 Terms and Conditions) without prior permission of the original publisher.

ornico KNOW HOW TO GROW

| Publication | | |
|---|---|---|
| BEELD | | |
| Page | Date | AVE (ZAR) |
| 13 | Thurs 14 Nov 2019 | 47565.06 |

AFRIKAANS-HUISTAAL: TWEEDE VRAESTEL

# 'Letterkunde was lekker'

## Billik en sonder vangplek, sê kenners

Die tweede vraestel vir Afrikaans Huistaal is volgens kenners billik en daar was geen vangplekke nie.

Die vraestel het matrieks se letterkundekennis getoets en tel 80 punte.

Dr. Elize Vos, wat Afrikaans vir onderwys aan die Noordwes-Universiteit se fakulteit opvoedkunde doseer, sê die vraestel was 'n uitdaging, maar regverdig.

Sy meen die literêre terme wat getoets is, was baie goed oor die vraestel versprei.

Leerlinge kon bepaalde werke in die roman- en drama-afdeling kies, en die vrae is volgens dieselfde standaard opgestel, sê sy.

"Die twee verskillende tekste wat by elke roman en drama vir die kontekstuele vrae gebruik is, tel beslis ook in die leerlinge se guns."

Vos sê die vraestel voldoen aan die verskillende kognitiewe vlakke wat getoets moet word en bied ruimte vir kritiese denke.

"Almal is dit eens dat dit 'n baie billike vraestel is. Die kinders het lekker geskryf en ek dink hulle het 'n goeie kans om die punte te kry wat hulle graag wou hê," sê Louise Fullard, departementshoof in Afrikaans van die Hoërskool Bergvlam in Mbombela.

Manuel Syce, 'n departementshoof in Afrikaans van die Hoërskool Otto du Plessis in Port Elizabeth, sê daar was al moeiliker vraestelle vir Afrikaans-letterkunde, maar hy meen dié een was geensins maklik nie.

"Ek sou eerder sê die vraestel was billik en dit stem ooreen met die afgelope twee jaar se formaat."

Hy sê die vrae oor die gedigte is reguit genoeg gestel en matrikulante behoort genoeg punte te kan kry.

"Alles wat gevra is, is in die klas behandel. Daar is niks vreemds gevra nie."

Die langvrae oor die boeke was volgens Syce ook goed gestel en die taalgebruik verstaanbaar vir matrikulante.

Die langvrae in "ie September-vraestel was moeilik, want dit was onduidelik wat verwag is.

Gister se vrae was voor die hand liggend en kon maklik beantwoord word, sê Syce.

Irene Raath, 'n onderwyseres van die Hoërskool Jim Fouché in Bloemfontein, meen dit was 'n goeie, maar uitdagende letterkunde-vraestel.

Raath sê leerlinge sou nie bloot met die antwoorde kon wegval nie – hulle sou eers daaroor moes dink.

Jolinda Barnard, departementshoof vir Afrikaans van die Hoërskool Jeugland in Kempton Park, sê die soort gedigte wat vir die vraestel gekies is, was "taamlik maklik. Die leerlinge sou tien teen een meer met die langvraag van "Onderwêreld" (deur Fanie Viljoen) gesukkel het en gekies het om die langvraag van "Krismis van Map Jacobs" (deur Adam Small) te beantwoord."

Ook die leerlinge van Jeugland meen die vraestel was billik.

"Die onbehandelde gedig in vraag vyf was vir my baie maklik. Die kortvrae oor 'Onderwêreld' was vir my 'n bietjie moeiliker as dié in die rekordeksamen, maar die langvraag was vir my makliker as toe," sê Jana Dreyer, hoofmeisie.

Ulrika Smith, die skool se dux-leerling, sê die vraestel was vir haar interessant.

"Die gedigte-afdeling het een of twee moeilike vrae gehad, maar dit was nie so erg nie."

Sy sê die onbehandelde gedig was vir haar ook makliker as dié in die rekordeksamen.

Nadia Fourie sê weer die onbehandelde gedig was vir haar moeilik.

"Ek het 'Krismis van Map Jacobs' se langvraag gedoen en ek het gesukkel om genoeg woorde te kry, maar die kontekstuele vrae was vir my oukei," sê sy.

Vir Dominique van der Merwe was die vrae oor digkuns aanvaarbaar. Sy het "Onderwêreld" se kontekstuele vrae en "Krismis van Map Jacobs" se langvraag gekies.

Sy sê dit was vir haar "maklik en doenbaar".

"Dié vraestel was baie moeiliker as die rekordeksamen s'n en ook moeiliker as die Junie-eksamen s'n," sê Alexandra van Breemen. Sy kon wel al die vrae beantwoord.

**– Verslagspan: Arisa Janse van Rensburg, Cara-Lee Scheun, Marita Herselman, Roshé Taka en Ané van Zyl**



**Alexandra van Breemen, Nadia Fourie, Ulrika Smith, Dominique van der Merwe, Jana Dreyer en Maryna Coetzer van die Hoërskool Jeugland nadat hulle die vraestel ingedien het.**
Foto: ARISA JANSE VAN RENSBURG

### So sê die matrieks

- "Dit was vir my baie lekker om 'Krismis van Map Jacobs' te beantwoord. Ek het die vrae wat ons regdeur die jaar gedoen het, geleer, en ook ou vraestelle uitgewerk." **– Caitlin Fortuin van Bishop Lavis High School**
- "As jy geleer het, sou jy dit kon doen – al die vrae was in ons leerwerk wat ons deur die jaar gedoen het." **– Brandi Kalie van die Hoërskool Bloemfontein**
- "Ek het net-net klaargekry omdat ek elke vraag noukeurig moes lees. Ek het die kortvrae van 'Mis' gedoen omdat ek 'Die Kwart-voor-sewe-lelie'-langvraag beter kon beantwoord. Die poësie-afdeling was beslis makliker as die drama-afdeling. Die onvoorbereide gedig was gelukkig maklik." **– Hannah Wilkinson van die Hoër Meisieskool Paarl.**

> **Almal is dit eens dat dit 'n baie billike vraestel is. Die kinders het lekker geskryf en ek dink hulle het 'n goeie kans om die punte te kry wat hulle graag wou hê.**
>
> — Louise Fullard